



CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT:

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL P3

1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE

DIE VOLGENDE WAS ALGEMENE FOUTE WAT DEUR DIE LEERDERS BEGAAN IS IN ALLE AFDELINGS VAN DIE VRAESTEL.

1. Woordorde, die gebruik van verkeerde Voornaamwoorde en die gebruik van puntuasie en swak, lomp sinne as gevolg van beperkte woordeskat.
2. Baie Engelse woorde is gebruik, in sommige gevalle kon die leerder nie hom / haar uitdruk nie en het glad nie sin gemaak nie.
3. Daar was baie herhalings .
4. Die gebruik van uitgebreide sinne en hier is dit waar daar meer foute ingesluip het. Die leerder kon nie die Voegwoorde effektief gebruik nie. Daar is ook nie gebruik gemaak van verskillende tipes sinne nie.

QUESTION 1

AFDELING A

Leerders wat hierdie vraag (1.1) gekies het, kon nie so maklik hulself uitdruk nie as gevolg van 'n beperkte woordeskat en dat hulle nie bekend met die volgende woorde LIGTE, KAMERA, AKSIE is nie. Dit het gelei tot 'n mistasting van die onderwerp en die wat dit suksesvol beantwoord het, het uit persoonlike ervaring geskryf en daar kon afgelei word dat die leerder bekend met die gebruik van die Afrikaanse taal is en dit ook besig. Indien die klem op "deelgeneem" moes wees, kon dit in vetgedrukte woorde geskryf word.

- 1.2 Hierdie was 'n gewilde vraag by die leerders. Hierdie onderwerp word deur onderwysers op verskillende maniere getoets en nie net in Graad 12 nie, maar begin al in Graad 10. Hierdie vraag was ook volgens die leerder se leefwêreld. Hierdie vraag het ook selfs voorsiening gemaak vir leerders wat uit die "laagste sosio-ekonomiese groepe" kom, wat geen fasiliteite het nie en self moet dink aan hulle toekoms. As jy in matriek is, beplan jy vir jou toekoms. Dit was beslis 'n gunstelingvraag. Dit is ook leerders se huidige drome.

- 1.3 Die oorgrote meerderheid leerders wat hierdie vraag beantwoord het, het dit gemisinterpreteer. Hier was die instruksie dat die leerder moes argumenteer, maar terselfdetyd moes die leerder ook iets snaaks beskryf en dit was uitdagend vir 'n addisionele taal leerder. Die "ARGUMENTEER" het die betekenis van die opstel heeltemal verander na 'n argumenterende opstel, maar die memorandum versoek 'n verhalende opstel. Die meeste leerders het eerder gemotiveer as om te argumenteer. Daar het duidelik na vore gekom dat die swakkerige kandidaat die argumenterende gedeelte van die onderwerp as uitdagend ervaar, want daar is slegs oor 'n insident geskryf. My gevoel is dat alle leerders nog steeds behoort om hieroor te kan skryf aangesien die merkers goeie riglyne is wat die gedagtes kan orden. Dit was ook 'n goeie keuse aangesien leerders soveel stres ervaar in hulle matriekjaar.
- 1.4 Baie min leerders het hierdie vraag beantwoord. Dit was ook nie altyd suksesvol beantwoord nie. Die leerder het ook hier beskryf en selfs vergeet dat daar gereflekteer moet word. Die leerder wat oor humor beskik en die nodige woordskat het, het goed hier in gevaar.
- 1.5 Dit was ook een van die gewilde onderwerpe alhoewel nie baie leerders suksesvol was nie. Dit was ook in die leerder se verwysingsraamwerk omdat hy daarmee kon identifiseer. Dit was 'n goeie onderwerp en het definitief ook voorsiening vir die swakkerige leerling gemaak wat kon skryf oor eie ondervinding.
- 1.6.1 Dit was nie so gewild nie, maar daar kon duidelik gesien word dat die leerders wat hierdie vraag beantwoord het vanaf die platteland kom. Dit het ook die leerder vrye teuels gegee en die "kultuurvaste" leerder kon hier aan die skryf gaan sonder beperkings.
- 1.6.2 Nie baie leerders het hierdie vraag beantwoord nie. Die leerder wat hierdie vraag beantwoord het, het ook daarin geslaag om hom of haar misnoeë teenoor stakings uit te druk. Hierdie vraag is ook deur kandidate beantwoord wat oor die woordeskat beskik. Dit was ook 'n onderwerp wat die afgelope tyd goed deurgetrap is in die media. Dit is een visuele teks wat heeltemaal interpreteerbaar is.
- 1.6.3 Hierdie vraag is nie deur baie leerders beantwoord nie alhoewel dit so 'n goeie prent is waarin daar geen twyfel is wat daarvoor geskryf kan word nie. Die kwessie van motorongelukke word hier aangespreek, maar net enkele leerders het oor die selfoonetiket geskryf. Hierdie oortreding word ook daagliks gesien asof dit 'n norm is en daar sou verwag word dat meer leerders hierdie onderwerp sou kies.

QUESTION 2

AFDELING B

- 2.1 Dit was nie 'n baie gewilde vraag nie. Die leerders wat hierdie vraag beantwoord het, het met die formaat gesukkel en ook nie geweet wat die vereistes was vir die beantwoording van hierdie vraag nie. Daar is ook deurgaans opinies gevorm in plaas van om objektief te bly aangesien dit 'n koerantartikel is. Sekere goed wat vir volwassenes as nadele beskou word, was vir hulle voordele. Die onderwerp was ook nie toeganklik nie omdat dit eers nagevors moes word.



- 2.2 Hierdie vraag was baie gewild. Die oorgrote meerderheid van die leerders het hierdie vraag beantwoord. Die onderwerp was maklik, maar daar is ook gevind dat leerders met die formaat van hierdie skryfstuk gesukkel het. Daar word deesdae baie min briewe geskryf, want baie van hierdie skryfstukke neig na e-posse en fakse. Dit was ideaal, want daar moet na die swakke leerders se behoeftes ook gekyk word.
- 2.3 Glad nie gewilde keuse nie. Die leerders wat hierdie vraag gedoen het, was nie almal suksesvol met die beantwoording daarvan nie. Hulle het glad nie daarin geslaag om die gas suksesvol voor te stel nie en ook nie vrae te stel nie.
- 2.4 Nie baie leerders het hierdie vraag beantwoord nie alhoewel die formaat en wat verwag word en duidelike instruksies gegee word. Leerders kan nie instruksies uitvoer nie. Of hulle verstaan nie of hulle lees nie.

QUESTION 3

AFDELING C

- 3.1 Baie gewilde vraag. Daar was vele suksesse hier, maar ook leerders wat eerder 'n sokkerwedstryd in plaas van die atmosfeer kon bespreek. Hierdie vraag was gepas vir alle leerders, maar die leerder wat die meeste hieruit gebaat het, was die stedelinge.
- 3.2 Baie gewilde vraag. Die swakke leerder is geenaliseer waar hy /sy nie verstaan het hoe om rigting aan te dui nie. Baie van hulle het ook die roetekaart oorgeteken in plaas van verduidelik. Die roetekaart oorskadu die opdrag en skuif die fokus weg van die uitnodiging af.
- 3.3 Uitdagend, nie baie leerders het hierdie vraag beantwoord nie. Hulle weet ook nie dat kleinadvertensies kripties aangebied word nie. Daar word paragrawe en uitgebreide sinne geskryf. Die leerder se woordeskat is ook baie beperk, het glad nie instruksies nie en 'n woord soos "VERLORE" verstaan nie. Instruksies is glad nie uitgevoer nie en daar is slegs een van die vier kleinadvertensies beantwoord in stede van al vier. Daar is hier van die leerder verwag om slegs die advertensie te verwoord in plaas van te ontwerp. Leerder is ook nie bekend met vergrootglase nie. Hierdie vraag was moeilik vir leerders met 'n beperkte woordeskat.

ANY ADVICE THAT YOU COULD GIVE TO EDUCATORS TO HELP LEARNERS TO REACH THE EXPECTED LEVELS

- 1 Onderwysers moet aan leerders instruksies verduidelik en dat die vraestel daar begin en dit moet ook uitgevoer word. Leerders moet ook geleer word hoe om paragrawe te vorm en hoe om met 'n inleiding te begin en met 'n slot te eindig. Hulle moet geleer word hoe om paragrawe te skryf en dat dieselfde idees in 'n paragraaf kom om dit samehangend en vloeiend te hou. Feite moenie gemeng word nie; dit moet stap vir stap aan hulle verduidelik word totdat hulle 'n slot bereik.

2. Onderwysers moet die leerders leer om ook na sleutelwoorde te soek wat hulle tot die antwoord sal lei. Ek stel ook voor dat hierdie sleutelwoorde onderstreep of met 'n glimpen onderstreep word. Dit sal die leerder help om nie fokus te verloor nie en hulle in staat stel om na die vraag terug te gaan, want dit sal uitstaan.
3. Onderwysers moet leerders aanmoedig om kort, eenvoudige sowel as verskillende tipe sinne soos vraagsin, saamgestelde sinne, uitdrukkings, bevelsinne ens. te gebruik. Die kind moet ook aangemoedig word om verskillende byvoeglike naamwoorde te gebruik .
4. Leerders word ook aangemoedig om Afrikaanse literatuur te lees om woordeskat uit te brei en gemakliker in die taal te word. Dit sal ook hulle skryfvermoë verbeter. Die meeste van die tyd ken die leerder die inhoud , maar hy/sy weet nie hoe om hulle uit te druk nie as gevolg van beperkte woordeskat.
5. Onderwysers moet leerlinge ontmoedig om Engels in die klaskamer te praat. Onderwysers moet ook daarteen waak om leerders in Engels gedurende die Afrikaans periode te onderrig, maar eerder in Afrikaans te verduidelik sodat hulle daaraan gewoond kan raak en aangemoedig word om die taal te besig.